# Laerskool Wonderboom

Afleweringsadres:
h/v Braam Pretorius- & Jan Booysenstraat
Annlin Pretoria

Telefoon (012) 543-0208/9
Faks (012) 543-0875
Posbus 13603 Sinoville 0129
E-Pos admin@wonwen.co.za
Webtuiste www.wonwen.co.za


22 Julie 2010

**OUEROMSENDBRIEF 21/2010**

Geagte Ouers

## 1. OMGEEGROEP

Die Oueromgeegroep (OOG) doen wonderlike werk en bied uitkoms aan talle gesinne wat hulpbehoewend is. Hulle voorsien tans voedsel aan 'n aantal gesinne. Indien u enige voedsel of ander skenking kan maak, kan u gerus een van die onderstaande dames skakel.

| | | |
|---|---|---|
| Erika Bayards: | 076 1561 561 | Skrybehoeftes en ou klere |
| Tania Pringle: | 082 7779 064 | Kos |
| Corlien Venter: | 082 6707 366 | Broodjieprojek |
| Sorita van Onselen | 082 4550 226 | Gebedsaksie |

## 2. KRIEKET

Die O/13 Distrik krieketproewe het reeds begin en vyf van ons seuns is deur na die 2de rondte. Ons wens hulle sterkte toe vir die 2de rondte.

Die krieketliga begin volgende week. Die O/10 – O/13A-spanne speel teen Laerskool Villieria. Die O/9, O/11 en O/13B-spanne speel teen Magalieskruin. Die O/9A-span speel teen Laerskool Danie Malan.

## 3. SKAAK

Sterkte aan die O/9A, O/11A en die oopspan vir die D3 Distrikskaak-kampioenskappe wat op Vrydag 30 Julie te Hoërskool Oos-Moot plaasvind.

Die bus vertrek stiptelik om 13:15. Verdere inligting sal aan die leerlinge voorsien word. Oefen getrou en hou ons Wonnies se naam hoog!

## 4. SWEM



Baie dankie aan al die swemmers wat so gereeld kom oefen, asook dié wat die vakansie so getrou kom oefen het. Ons is baie trots op julle en sien julle raak. Die swemseisoen begin amptelik op 2 Augustus en alle swemmers wat in die spanne is, moet begin inskakel by die oefening. Swemmers wat aan die Interhuisgala deelgeneem het en opgeneem is in die A- of B-span sal nie verskoon word nie. Ons het elke swemmer nodig om ons spanne sterk te maak. Indien nog swemmers wil inskryf by mev. Hettie la Grange se klub, is u welkom on haar te skakel by 082 821 9136. Elke Vrydag het sy 'n mini-gala waar swemmers kan oefen om aandag aan die tegniese aspekte van 'n gala aandag te gee. Kom Wonnies, hierdie jaar vat ons GOUD!

## 5. ATLETIEK 2010 – 2011

Die nuwe atletiekseisoen skop reeds met die jaarlikse huissport, op 22 September 2010 af. Laerskool Wonderboom neem teen die room van skole deel in ons Prestige byeenkomste. Ons het dit goed gedink om solank met 'n fiksheidsprogram te begin vir die atlete gedurende hierdie kwartaal.

Wanneer: Elke Maandag, Dinsdag en Donderdagmiddag
Tyd: 16:00 tot 17:00
Waar: Ons atletiekbaan
Afrigter: Anne Botha

**BAIE BELANGRIK:**
**Slegs atlete wat nie aan enige ander buitemuurse aktiwiteit deelneem nie, mag hierdie program bywoon.**

Om 'n volledige rekord te kan hê van die atlete wat die program gaan volg het ons 'n aanduiding nodig van wie die program gaan bywoon. Voltooi asseblief die skeurstrokie en stuur terug op die laaste Maandag 26 Julie. Ons begin reeds Dinsdagmiddag volgende week met die eerste oefening.

Atlete moet gemaklik aantrek en 'n bottel water saambring.

## 6. REVUE: KLAWERKLITSIES

Die Klawerklitsies gaan taamlik bedrywig wees hierdie kwartaal. Hier is die datums vir belangstellendes.

| | |
|---|---|
| 27 Julie | Laerskool Boerefort |
| 29 Julie | Hoërskool Akasia |
| 4 Augustus | Pretoria Stadsaal |
| 14 Augustus | Pretoria Staatsteater |
| 27 of 28 Augustus | Spektrum kompetisie Semi-finaal |
| 3 of 4 September | Spektrum kompetisie finaal |

## 7. KOOR

Graag gee ons die datums van die derde kwartaal se kooroptredes aan u deur.
23 Julie - Gereformeerde gemeente, Die Kandelaar
29 Julie - NG Gemeente, Valleisig
12 September - Hervormde kerk, Middestad

## 8. GRAAD 7-FONDSINSAMELINGSPROJEK

Die Pa-en-Seunoggend word op Saterdag, 31 Julie 2010, op ons sportveld gehou vanaf 09:00 tot 13:00.
Die koste beloop R30 per persoon wat 'n worsbroodjie en koeldrank insluit. Kaartjies is by die klasonderwysers beskikbaar.
Ds. Marius van Doornpoort gemeente is die spreker, Toyota en BMW is van die uitstallers. Daar gaan touchrugby, eiergooi, sakresies en vele meer wees. Groot pryse te wen. Kom ondersteun asseblief hierdie projek. Daar wag 'n verrassing op die klas wat die meeste kaartjies verkoop .
Kontak Dirk: 083 200 2399 of Andre: 082 419 5280 vir verdere navrae.

**9. SKENKING VAN SKOOLKLERE**

Wonnie Klerekas ontvang graag skenkings van bruikbare skooldrag wat u nie meer gebruik nie. Handig dit asseblief by Wonnie Klerekas of by die kantoor in.

**10. VERLORE GOEDERE**

Die verlore goedere word op Vrydag 23 Julie voor die Wonnie Klerekas uitgestel vanaf 07:00 – 08:30, dan weer op Maandag 26 Julie en Dinsdag 27 Julie gedurende skoolure. Die kinders moet gerus hulle verlore goedere kom afhaal. Die oorblywende verlore goedere sal na Dinsdag 27 Julie opgeneem word in die voorraad van Wonnie Klerekas.

**11. GRONDSLAGFASE – NEDINE BLOM**

Die optrede van Nedine Blom op 3 Augustus tydens die saalopening is slegs vir leerlinge in gr. 1 - 3.

**12. PROJEK OPRUIM**

Projek Opruim is op dreef en die waarde van respek vir jouself, ander en die omgewing vorm die basis van die projek. Ondersteun asseblief die projek tuis deur die kinders aan te moedig om op te ruim.

**13. NOTEPRET**

Vrydag 17 September. Hou die datum oop, inligting volg later!

Groete

**M.F. VENTER**
**HOOF**

✂----------

**SKEURSTROKIE ATLETIEK** Handig in by juffrou Anne – kamer 15 (e-Leersentrum)

_____ gr. ____/____ gaan die Atletiekfiksheids-

program volg.

_____ _____

Handtekening Kontak nommer

**BEMARKING**

**RAAK BETROKKE BY ‘N WENSKOOL!**

Laerskool Wonderboom skep sprankelkinders deur kreatiewe onderrig en toekomsgerigte opvoedkundige beginsels. Ons slagspreuk lui immers: Word ‘n Wonnie. Wees ‘n Wenner! Dit is vir ons skool baie belangrik om die gemeenskap by ons mooi skool betrokke te kry sodat ons die beste moontlike geleenthede vir ons kinders kan bied.

Daarom wil ons u graag persoonlik uitnooi om betrokke te raak by die skool en ons wil u graag die geleentheid bied om u besigheid deur middel van Laerskool Wonderboom op die volgende wyses aan die skoolgemeenskap en gemeenskap bekend te stel:

- **Advertensiespasie teen die palissadeheining in Jan Booysen Straat vir R3,500.00 per jaar.**
- **Verspreiding van pamflette deur insluiting by die weeklikse omsendbriewe vir R600.00.**
- **Banier advertensie op ons Webwerf vir R600.00 per jaar (visitekaartjie grootte).**

Indien u belangstel om by Laerskool Wonderboom betrokke te raak as adverteerder is u welkom om ons bemarker, mev. Gerda Klopper, te skakel by 071 671 6976 vir meer inligting.

Wees ook verseker van ons lojaliteit en ondersteuning ten opsigte van ons ouers se besighede. Stel ons gerus in kennis indien u oor ‘n besigheid beskik waar ons moontlik ons aankope kan doen.

Baie dankie vir u positiewe gesindheid en betrokkenheid by u kind, ons skool en ‘n wonderlike ouergemeenskap.

**WONNIE SPORT KUSSINGKIES**

Ons het nog ‘n hele paar sport kussingkies in voorraad en wil dit graag teen ‘n afslagprys van R25.00 verkoop om sodoende ons voorraadkas leeg te maak. Moenie die geleentheid mis nie en koop so gou as moontlik vir u ‘n sportkussingkie. Indien u sou belangstel, skakel mev. Gerda Klopper vir bestellings en aankope – 012 543 0208.